

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING**KENNISGEWING 873 VAN 2016****PUBLIKASIE VAN VERDUIDELIKENDE OPSOMMING VAN DIE STRAFPROSESWYSIGINGSWETSONTWERP, 2016**

1. Kragtens Reël 276(1)(b) van die Reëls van die Nasionale Vergadering word hiermee kennis gegee dat die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste beoog om die Strafproseswysigingswetsontwerp, 2016, eersdaags in die Nasionale Vergadering in te dien.
2. Die verduidelikende opsomming van die Wetsontwerp word hierby ooreenkomstig Reël 276(1)(c) van die Reëls van die Nasionale Vergadering gepubliseer.

Die Wetsontwerp het ten doel om die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), te wysig, ten einde die howe te voorsien met 'n wyer reeks van opsies van bevel wat uitgereik kan word in gevalle waar dit bevind word dat beskuldigde persone wat nie oor die vermoë beskik om die strafregtelike verrigtinge dermate te begryp om 'n verdediging na behore te kan voer nie; of dat beskuldigde persone as gevolg van geestesongesteldheid of geestesgebrek nie strafregtelik toerekenbaar is vir die misdrywe waarvan hulle aangekla word nie; om die samestelling van die panele bedoel in artikel 79 wat ondersoek instel na die geestestoestand van beskuldigde persone uit te klaar; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

3. 'n Afskrif van die Wetsontwerp kan op die webtuistes van die Departement en Parlementêre Moniteringsgroep by <http://www.justice.gov.za> en <http://www.pmg.org.za> gevind word en kan, na indiening, ook verkry word van: Staatsdrukkers: Kaapstad (Telefoon nommer: (021) 465-7531).